
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

DIE PASGA vervul in die NAGMAAL



In watter opsigte was die Pasga in die Heilige Nagmaal vervul?

"Die Pasga is bedoel om na die koms van die Here Jesus te wys, wat DIE Paaslam sou wees, wat vir die sondes van die wêreld gedood sou word. Deur aan die Heilige Nagmaal deel te neem, sien ons Jesus Christus as die vlekkelose Pasga Lam, wat eens en vir altyd gedood is, om ons van Satan se slawerny en die ewige dood te bevry."

GESINS DEELNAME

Hoe het die vroeë Kerk nagmaal gebruik? Dit is uit die Skrif duidelik dat hulle dit by hul byeenkomste of by hul huise gebruik het - maar dit was altyd tydens 'n maaltyd.

Jesus het die nagmaal ingestel toe Hy en Sy dissipels die Pasga gehou het.

Luk.22:7: En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die Pasga geslag moes word.

Wat is die Pasga? Die Eerste Pasga het plaasgevind met die bevryding van God se uitverkore volk, die Hebreërs uit Egipte en slawerny. Kom ons lees Ex.12:3.

Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.

Hierdie lam is geslag, voorberei en geëet. Dit moes volmaak, sonder enige gebrek, wees. In die Nuwe Testament het Jesus Christus, vlekkeloos en sondeloos, die Paas Lam geword en ons eet nog steeds van Sy vlees (simboliese herinnering) elke keer wanneer ons die nagmaal gebruik.

Ex.12:7: En hulle moet die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte, en aan die bodrumpel aan die huise waarin hulle dit eet.

Die Bloed van Jesus red ons van die Ewige Dood.

Ex. 12:8: En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.

v.13: Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

v.14: En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot die eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

Die Pasga is deur God ingestel en Israel het dit vir die eerste keer, op die vooraand van hul vertrek uit Egipte, die land van slawerny, gebruik. Hulle is beveel om dit een maal `n jaar te vier en daarmee aan te hou, en dit is presies wat die ortodokse Jode steeds doen. Hulle herdenk elke jaar die wonderlike verlossing wat God vir hulle bewerk het. Hulle vier hul vryheid van dwangarbeid en gevangenisskap.

Alhoewel die ongeredde Jode slegs die Ou Testament erken, het die Here tog vir hulle wonderlike beloftes van seëninge en voorspoed gegee. AS JULLE NA MY WOORD LUISTER EN MY INSETTINGE HOU .. (Deut. 28:1-12). Hy sê vir ons dieselfde!

Om Sy bevele te gehoorsaam; is om te doen wat Hy in Sy Woord beveel. Die Israeliete het, wat God beveel het, nougeset uitgevoer en drie wonderlike dinge het gebeur.

Eerstens: Die nag waarop hulle vir die eerste keer die Pasga gebruik het, het nie een Israeliet gesterf nie maar duisende eersgebore kinders van elke gesin in Egipteland het gesterf (selfs Farao se troonopvolger). Die doodsengel het by die huise verbygegaan waar die

(Vervolg op Bl. 2)

BELANGRIK—HERNU U NUUSBRIEF. SIEN BLADSY 7

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Pasga…)
bloed van die lam aan die deurposte gesmeer was.

Tweedens: Toe die Israeliete getrek het was hulle nie arm slawe nie, maar eintlik gegoede mense.

Ex.12:35 & 36: En die kinders van Israel het gehandel volgens die woord van Moses: hulle het van die Egiptenaars silwergoed en goue goed en klere geëis;

En die Here het aan die volk guns verleen in die oë van die Egiptenaars, en die het hulle versoek ingewillig. So het hulle dan die Egiptenaars berowe.

Derdens: Was daar *nie een sieke onder hierdie bykans 3 miljoen* Jode wat uit Egipte getrek het nie! Die Skrif sê so:

Toe het Hy hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme waas daar niemand wat struikel nie (Psl. 105:37)

Engels: He brought them forth also with silver and gold: and there was not one feeble person among their tribes.

Kan jy jou voorstel was sal gebeur as die bevolking van Suid Afrika kennis gegee word om oor die Limpopo te trek? Sal daar genoeg rystoele, draagbare en ambulanse wees om al die siekes en gebreklikes te vervoer? Ons sal busse en treine moet gebruik om almal te vervoer!! Maar hier het 3 miljoen jubelende mense die pad gevat met kamele, perde en donkies en DAAR WAS NIE EEN SIEKLIKE ONDER HULLE NIE!! Waaraan kan ons hierdie merkwaardige toestand toeskryf? Onthou dat hulle die vorige nag die paaslam geslag het en die hele gesin het daarvan geëet, soos God hulle beveel het, en hulle het krag en gesondheid ontvang. Ons Paaslam - Jesus Christus is ook doodgemaak en geoffer en as ons dit gereeld onthou en deel het aan Sy vlees (die brood, simbolies), die Here se Liggaam op `n waardige wyse onderskei, sal genesing, gesondheid en krag ook deel van ons erfenis wees.

As daar dan onder die Ou Verbond sulke wonderlike beloftes van volkome genesing en gesondheid vir die volk van God was, hoeveel te meer behoort ons, onder die Nuwe Bedeling, nie dieselfde voordele te geniet nie. God se Woord sê in **Heb.8:6: Maar nou het Hy `n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van `n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.** BAIE DANKIE JESUS!

Siekte was deel van die vloek van die wet in die Ou Testament, maar in die Nuwe Verbond, het Jesus die vloek op Homself geneem (Gal.3:13). Jesus het aan ons `n Nuwe Testament gegee, `n beter verbond, gebaseer op beter beloftes en Hy het dit met Sy eie gestorte Bloed verseël. Nou kan ek en jy gesondheid, vrede, vergifnis en verlossing verkry. Let weereens op **Ex.12:3: Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen `n lam neem volgens die families, `n lam vir `n huisgesin.**

Daardie nag toe die Paasfees ingestel is, het die vader van die huis vergunning gekry om geestelike pligte te vervul wat gewoonlik slegs deur die priesters uitgevoer is. Die vader het vir daardie geleentheid as die hoë priester van sy huis opgetree. Dit vind jaarliks, ter gedatenis aan daardie eerste Paasfees, plaas. Elke jaar gedurende die Pasga vertel die vader aan die kinders wat gebeur het toe hulle uit Egiptiese slawerny bevry is en hoedat God wonderwerke gedoen het om dit moontlik te maak. Hulle vier hierdie gebeurtenis een keer `n jaar en almal, die kinders ingesluit, neem as `n gesin deel.

Die Pasga is bedoel om na die koms van die Here Jesus te wys, wat DIE Paaslam sou wees, wat vir die sondes van die wêreld gedood sou word. Deur aan die Heilige Nagmaal deel te neem, sien ons Jesus Christus as die vlekkelose Pasga Lam, wat eens en vir altyd gedood is, om ons van Satan se slawerny en die ewige dood te bevry. Elke dag is die dag van Verlossing, ons Pasga, **elke dag** is `n dag om hierdie groot gebeurtenis te vier, die grootste gebeurtenis van alle tye! Die hoogtepunt van beide die Ou en Nuwe Testamente!

Dit is aanvaarbaar, om aan te neem, dat die hele gesin (kinders ingeslote) een keer `n dag met `n ete brood kon gebreek en die vrug van die wynstok kon gedrink het, ter herinnering aan die voltooide werk aan die kruis.

Die man en vader behoort sy posisie as die geestelike hoof van die gesin te aanvaar. Hierdie God gegewe gesag aan die man is God se versekering van geestelike beskerming vir die gesin.

Ons word dikwels gevra of kinders mag deelneem aan die Heilige Nagmaal, en as hulle mag, op watter ouderdom. Dit is `n interessante vraag en ek glo die antwoord lê by die Pasga maal. Die Hebreërs is deur God beveel om `n lam vir `n huisgesin te neem. Die hele huisgesin het deel gehad aan die paaslam – nie een gesinslid, wat kon eet, is uitgesluit nie. Hulle het geweet waarom hulle dit geëet het; in gehoorsaamheid aan God. Ons lees in Ex.12:14, 26 en 27 dat die Israeliete (Jode) beveel is om die Eerste Paasfees, elke jaar as `n gedagtenis (in herinnering) te hou en dit as `n voorskrif deur die geslagte heen, verewig na te kom.

Ex. 12: 14, 24, 26, 27: En hierdie dag moet vir julle `n gedenkdag wees, en julle moet dit as `n fees tot eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as `n ewige insetting vier.

Onderhou dan hierdie saak as `n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid.

En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar?

Dan moet julle sê: Dit is `n paasoffer aan die Here, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig.

Wanneer ortodokse Jode vandag nog die Pasga hou, doen hulle dit netso! Die gesinslede sit almal om die tafel en die maal word volgens `n vaste orde bedien. Die jongste kinders teenwoordig moet vrae vra wat betrekking het op die maaltyd en die betekenis van elke bestanddeel wat bedien word. Die vader vertel dan die hele verhaal van die uittog, en wat elke dis se betekenis is in die wonderlike gebeurtenis van verlossing van hul onderdrukkers en uit slawerny. Let op dat hulle aan die maaltyd deelneem "ter herinnering" aan hulle verlossing, hulle "roep dit hardop uit" en vier dit met dankbare harte teenoor God, Wie dit moontlik gemaak het. Dit is presies wat Jesus in 1Kor.11:24-26 gesê het dat ons moet doen, wanneer ons aan Sy kruisdood, ons groot verlossing uit die wêreld en die duiwel se slawerny dink. Met dankbaarheid, as `n gedenkteken, ter herinnering en bekendmaking van Sy dood totdat Hy weer kom. Ek glo dat die gesinne in die vroeë kerk die Heilige Nagmaal presies so gebruik het, want hulle het volgens die bevele van die Here gehandel. Die gesin het om die tafel gesit en hulle daaglikse maaltyd geniet, en die vader het die brood gebreek, gebid en God verheerlik en dit met sy vrou en kinders gedeel. Die kinders was van jongs af betrokke deur vrae te vra aangaande die breek van die brood uit dankbaarheid teenoor Vader

(Vervolg op Bl. 8)

The Bread-
His Body broken for us

At the Last Supper, sitting with His disciples on the night before He was to be crucified, Jesus spoke these words: **And when he had given thanks, he broke it, and said, Take, eat: this is my body, which is broken for you: this do in remembrance of me. 1 Cor. 11:24.** Jesus knew that His body would be unrecognisably mutilated by wounds in the process of His sacrificial death on that awesome day. The prophet Isaiah, when prophesying of the death of this suffering servant, Jesus, in Isaiah 53:5 when He says: **But he was wounded for our transgressions, he *was* bruised for our iniquities: the chastisement of our peace was upon him; and with his stripes we are healed.** His broken body, represented by the bread, is extremely significant for our lives, and although we cannot separate the Bread and the Cup, because they represent His sacrifice in its totality, there are the two elements – His body and His blood.

Jesus is the Living bread, and we become even more conscious of this when we read the following four accounts of this truth in God's Word.



> **His broken body, represented by the bread, is extremely significant for our lives, and although we cannot separate the Bread and the Cup, because they represent His sacrifice in its totality, there are the two elements – His body and His blood.**

OPEN OUR EYES

Breaking of bread brings us closer to Jesus and opens our spiritual eyes. We read about the two friends on the road to Emmaus in Luke 24 They were walking and talking about the events that had just taken place regarding Jesus and the crucifixion.

V15: And it came to pass, that, while they communed together and reasoned, Jesus Himself drew near, and went with them.

V16: But their eyes were holden that they should not know Him.

Jesus spoke to them and questioned them on the subject, they were surprised that He had not heard about the events. They told Him everything and showed their obvious disappointment and confusion. He spoke to them about the prophecies in the Old Testament, concerning the Messiah that needed to be fulfilled, and yet they still did not recognise Him.

Luke 24:28-31: And they drew nigh unto the village which they went: and He made as though He would have gone further.

But they constrained Him, saying, Abide with us: for it is toward evening, and the day is far spent. And He went in to tarry with them.

And it came to pass, as He sat at meat with them, He took bread, and blessed it, and brake, and gave to them.

And their eyes were opened, and they knew Him; and He vanished out of their sight.

I believe that they were better able to discern spiritually once they had partaken of the broken bread. Their spiritual eyes were opened. We grow closer to Jesus everyday as we break bread and bring into remembrance what Jesus did for us on the Cross at Calvary.

THE BREAD OF HEALING

Another account involving the bread is found in Matt. 15:21-28, where the Canaanite woman came to Jesus begging Him to heal her daughter.

Matt.15:21-28: Then Jesus went thence, and departed into the coasts of Tyre and Sidon.

And behold, a woman of Ca-

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - The Bread…)

naan came out of the same coasts, and cried to unto Him, saying, Have mercy on me, O Lord, Thou son of David; my daughter is grievously vexed with a devil.

But He answered her not a word. And His disciples came and besought Him, saying, Send her away; for she crieth after us.

But He answered and said, I am not sent but unto the lost sheep of the house of Israel.

Then came she and worshipped Him, saying, Lord, help me.

But He answered her and said, it is not meet to take the children's bread, and to cast it to dogs.

And she said, Truth, Lord: yet the dogs eat of the crumbs, which fall from their master's table.

Then Jesus answered and said unto her, O woman, great is thy faith; be it unto thee even as thy wilt. And her daughter was made whole from that very hour.

Jesus shows her that the bread of healing is for the children of God but due to her persistence for the crumbs of bread only, Jesus remarked in v 28: **O woman, great is thy faith: be it unto thee even as thy wilt.** This woman would have been satisfied with the crumbs of the Living Bread which is symbolic of Jesus Himself. Her daughter was made whole from that very hour.

FRESH BREAD EACH DAY

In the Old Testament we read in Ps. 23:5: **Thou preparest a table before me in the presence of mine enemies.** The Lord's Table is prepared for us and when we partake of it as prescribed, it is a mighty weapon against the enemy. The blood and the bread taken in a worthy manner. It is surely God's Table prepared for us reminding us of Jesus .

In Ex. 25:30: We see that God commanded Israel. **Thou shalt set upon the table showbread before Me ALWAYS.** The bread constituted a continual thank offering, [**Do this as oft as you do it in remembrance of Me**] and it was referred to as the bread of "presence", signifying God's presence in the Holy of Holies. It was symbolic of Christ Himself – alive forever more and of whom we can partake daily. The Show Bread always had to be fresh. Wine and frankincense were offered with the bread. The wine, symbolising the Blood of Christ, the frankincense symbolises our praises and worship and gratitude.

> **"The Lord's Table is prepared for us and when we partake of it as prescribed, it is a mighty weapon against the enemy. The blood and the bread taken in a worthy manner. It is surely Jesus' Table prepared for us ."**

THE BREAD OF LIFE

God provided manna for the Israelites in the wilderness and we are aware of the fact that this manna had to be collected daily. It was God's provision for them as bread from Heaven. Jesus compared Himself to this manna. In John 6:28 Jesus' disciples asked Him: **What shall we do, that we may work the works of God?**

I asked the Lord on the day of the dedication of the Stanger Christian building, on the 15/07/1984 this question:- "Where is the power of the Church?" (the works of God).

That question then resulted in that which He unfolded to me concerning the Lord's Table.

When Jesus was asked in verse 28 how they might have the power to do the works of God, He immediately said that firstly they must believe on Him, Jesus, [v 29] the true Bread from heaven, [v 32] the Bread of God, giving life, [v 34] give us this bread always [daily], this bread giving life. [v35] **I am the bread of life. He who comes to Me shall never hunger and he who believes in Me shall never thirst.**

John 6:47-58: Most assuredly, I say to you, he who believes in Me has everlasting life. I am the bread of life.

Your fathers ate the manna in the wilderness, and are dead.

This is the bread, which came down from heaven, that one may eat of it and not die.

I am the living bread, which came down from heaven. If anyone eats of this bread, he will live forever; and the bread that I shall give is My flesh, which I shall give for the life of the world.

The Jews therefore quarrelled among themselves, saying, "How can this man give us His flesh to eat?"

Then Jesus said to them, "Most assuredly, I say to you, unless you eat the flesh of the Son of Man and drink His Blood, you have no life in you.

Whoever eats My Flesh and drinks My Blood has eternal life, and I will raise him up at the last day.

For My Flesh is food indeed, and My Blood is drink indeed.

He who eats My Flesh and drinks My Blood abides in Me

(Continued on page 6)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Baie dankie vir julle brief met goeie wense en nog kosbare boekies, asook julle liefde en gebede. Ek het geleer hoe om te bid, en te vertrou. Vir 10 jaar of langer het ek kroniese medikasie gebruik – hoë bloeddruk, koronêre hart siekte, hartkrampe en verlede jaar 3 keer in die hospitaal vir allergie as gevolg van verskillende inspuitings, moes 'n medikasie 'alert' armbandjie dra. So omtrent 2 weke nadat ek die armband ontvang het, het ek die Here gevra om my totaal gesond te maak in Jesus se Naam, en dadelik opgehou met die medikasie en die band afgehaal. Ek het tydig en ontydig die Here gedank vir my genesing en ook wanneer Satan sy siektes en simptome weer om my wou plaas. Die velkanker op my neus wat al hoe erger geword het, is ook genees! Ons Almagtige Vader is so goed en getrou!! 'n Week of wat later het ek gelees van die daaglikse nagmaal en besluit om dit te neem om sodoende die krag en wysheid van God deur Jesus te hê. Julle boekie Oorwinnaarstaal het my geleer om positief oorwinnend te bid, praat en lewe, vrees te verdryf en krag, liefde en selfbeheersing te hê. So baie dankie dat u die Woord van God so wys en leer. Ek lees die Bybel met ander oë en hart.

Diana Basson, Oudtshoorn

Ons, my man en ek het hierdie dogter 30 jaar gelede na u gebring. Sy het breinskade op gedoen as gevolg van 'n allergie wat haar brein laat opswel het. Sy het ook aan ekseem gely. Die ekseem, was baie erg oor haar lyfie, arms en bene. Vier en twintig uur nadat u vir haar gebid het, is sy genees van genoemde toestande. Geen verdere verskynsels van die simptome het ooit weer verskyn nie. Sy het 'n I.K. van 153. My man en ek sê elke dag nog "Dankie" aan ons Hemelse Vader vir wat Hy vir ons dogter gedoen het.

Mev H C I Davis, Auckland Park

Geagte Dr James en Meg en al die wonderlike mense by die sentrum. Graag wil ek net baie dankie sê vir al die gebede. Ons loof en prys die liewe Vader dat ons seun Coenie weereens aangeraak is. Ek het 'n brief geskryf in Julie 2007 en gevra dat u asseblief vir Coenie moet bid. Hy was verslaaf aan heroïen, was in 'n rehab maar het weer begin gebruik. Ons was totaal moedeloos en kon nie meer nie. Hy het begin steel en is ook opgesluit. Hy is vrygespreek en opgeskorte vonnis gekry. Dit is nou 1 jaar dat hy skoon is. Hy het net besluit om dit te los, dank die Vader!! Ons het orals vir hulp aangeklop maar kon nie nog 'n rehab bekostig nie. Coenie het dit net gelos. Hy het by 'n kerk aangesluit, 'n pragtige meisie ontmoet en is 16 Desember 2008 getroud. Hy het die Here volkome aangeneem, is gedoop en is 'n nuwe mens. Ons dank die Liewe Vader vir hierdie groot verandering in sy lewe. Ons het gedink ons gaan hom verloor. Coenie is ook genees van AML leukemie. Hy is in Des. 1990 gediagnoseer. Daar was maar net 'n 23% oorlewingskans, ons het die sentrum gebel en daar is vir Coenie gebid. Hy het 'n strawwe behandeling chemo deurgemaak. Die eerste 9 weke in intensief. Na alles is hy volkome genees. Hy het nog 3 keer weer gegaan vir chemo wat baie moeilik was met weke in die hospitaal. Hy was toe maar 6 jaar oud, en moes toe 'n jaar skoolvrystelling kry. Vandag is hy 25 jaar oud. Baie dankie vir al u gebede. Ons weet God dien nie halwe werk nie. Baie, baie dankie.

Liede en groete

Mev M Teichert, Kaapstad

Baie dankie Dr James vir al julle gebede wat julle vir my gebid het. Die Here het my genees. Die hoofpyne in my hoof en my nek is genees. Ek is nou verlos van al die pyne!! Julle gebede is kragtig en ek waardeer dit baie. Dr James baie dankie.

W Jansen, Aliwal Noord

Baie dankie vir al die gebede wat ek al voor gevra het, my suster is genees van ernstige kanker, my seun het na 'n wonderwerk van God, werk gekry. My suster se man het ook na die wonderwerk van God, die geld gekry vir sy operasie. Nogmaals baie dankie Dr James en Meg. Ek weet nie waar sou ons aangeloop vir hulp as dit nie vir u en die sentrum was nie. Baie dankie ook vir die maandboekies, dis werklik vir my 'n inspirasie om dit te ontvang en te lees en dan vir iemand anders in nood te gee. Nogmaals baie dankie

Marietjie Hattingh, Pretoria

Ek het 'n ruk gelede geskakel want daar was 'n ontsettende pyn op my lewer. Dr James en Meg se dogter het vir my oor die foon gebid. Pyn was

(Vervolg op Bl. 7)

(Continued from page 4 - The Bread…)

and I in him.

As the living Father sent me, and I live because of the Father, so he who feeds on Me will live because of Me.

This is the bread, which came down from heaven – not as your fathers ate the manna, and are dead. He who eats this bread will live forever!

I draw your attention to verse 51: **I am the living bread which came down from heaven. If anyone eats of this bread, he will live forever: AND THE BREAD THAT I SHALL GIVE IS MY FLESH…**

His flesh (symbolically), our daily bread, which will bring life to us just as the manna did for the Israelites, new every day.

I firmly believe that the Church will be restored to the place where the Lord will send out the 70's once again, (as described in Luke chapter10) and as they go out two by two they will preach the gospel, cast out devils, cleanse lepers, raise the dead, heal the sick, so that people in our villages, towns and cities will know that the Kingdom of God has come nigh unto them. They will break bread in homes and hospitals with believers who need to be healed and strengthened and with those who desire to accept Jesus Christ and the Good News of what He has done for them regarding their sins and sicknesses. They will be able to partake of the bread and the wine then and there, as they have believed. I have seen many people healed and delivered of all kinds of illnesses, physical and emotional, as they partake of the Lord's Table in a worthy manner, in faith. Not a hand was laid on them. It is Jesus Christ who is the Healer.

Can you imagine what a congregation would be like in which each family broke bread daily in the manner in which I have described? Firstly, I believe that sickness would diminish. Secondly, family squabbles and relationship problems would be reduced to a minimum as families and married couples forgave one another daily before they broke bread together!

The Shepherd [Pastor] would have more time to wait upon the Lord and to study the Word so as to be able to equip the sheep to go out and win souls for Jesus! Time would not be taken up with having to sort out bad relationships and problems between members of the congregation, as these would have been dealt with at home before taking communion each day.

Each one of us needs to win souls for Jesus, the believers are the ones who must do the work of bringing in the harvest. Shepherds do not have sheep – sheep have sheep. The congregation is to be equipped for this purpose.

The sooner we are built up and mature in Christ, and obey the instructions of Jesus, the sooner we can go forth and win souls for the Kingdom of God! Remembering Jesus' death on the Cross and proclaiming the benefits daily until He comes, keeps our eyes on Him and off one another's shortcomings as well as our own petty grievances. We have to proclaim Jesus' death in the Good News message to a lost world.

The mutilated body of Jesus on the cross, paid for all sickness, disease, pains and infirmities and His precious Blood paid for our redemption. He was and is the atonement for our sins, and has given us power over the forces of darkness and has made eternal life possible for us. Surely this is the Good News to proclaim DAILY to the entire creation until He comes again. HE PAID THE FULL PRICE and we can only be saved by Jesus. ☐

NEW BOOK AVAILABLE–

"Are you ready?"

FORWARD

Most people on earth since the beginning of time, primitive or cultured have conjured up in their minds by make believing who God is and what God is. To worship something or someone is inherent in man. This is named religion and all religions have their very learned men and professors to educate them in their religion. It is thus very difficult to bring the absolute and proven truth to man. Once this very truth has been revealed and is established in its simplicity and reality, it removes all the mysticism. It is essential to consider all the evidence before making a final decision. Read this book at least four times to have a full understanding. Jesus personally was unable to convey this truth to the Sanhedrin and Pharisees during three years of teaching, and paid with His life. Paul and the apostles also paid with their lives for teaching this truth, and this truth has divided and confused the Body of Christ for 2000 years.

"What's the World coming to" - M24

"Wat gaan met hierdie Wêreld aan?"- M26

GOOD NEWS!

For our English speaking readers

We are excited to be able to share with you the fact that the newsletter in its entirety is now available every month in English on our internet web page: www,stangerchristiancentre.co.za.

GOEIE NUUS!

Vir ons Afrikaans Lesers

Ons is opgewonder om met julle te deel dat die hele volledige nuusbrief nou in Afrikaans beskikbaar is elke maand op ons internet web tuiste: www,stangerchristiancentre.co.za.

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Ons God van wonderwerke)
onmiddellik weg en opvolg lewertoetse het getoon dat alles nou normaal is! Dankie vir gebede en ek loof Koning Jesus!

S Odendaal

Ons wil net baie dankie sê vir al julle gebede vir ons gesin die afgelope paar maande. Met die Here is daar niks onmoontlik nie. Ek het in November 2008 voorbidding gevra vir ons besigheid Legends, en ons huis om te verkoop, ons huis is verhuur en die besigheid is verkoop. Die dierbare genadige Vader het ons gebede verhoor. Ons Loof en prys die Here dat hy voorwaar 'n God is wat hoor!! Groete

Mnr en Mev van Tonder, Parys

Ek het gevra dat u vir my moet bid, want my blaas het gesak en my lae rug en bene het gepyn. Ek het my wekker vir 7h00 die oggend gestel. Toe die wekker lei bly ek op die bed lê net my hand op die plek waar ek glo my blaas moet wees. Terwyl en bewus is van julle gebed raak ek so sluimerend. Na 'n rukkie voel ek iets onder my hand beweeg en later weer – eers aan die linker kant toe aan die regter kant. 'n Rukkie later is die spiere reg bokant my lieste seer terwyl ek stil lê en nie beweeg nie. Na 'n rukkie voel ek 'n brandsensasie reg oor my blaas – of nou die onderdeel van my lyf. So sluimer ek verder in. Toe dit 8 uur is raak ek wakker en staan op en besef dat God 'n operasie op my gedoen het. Ek het goed gevoel en die pyne in my bene was weg! Toe ek ondersoek instel was my blaas opgebind. Prys die Here! Baie dankie!

Mev J Moller, Maitland

Ek wil vir u en u span baie dankie sê vir die gebede oor die verkoop van my huis. My huis is in September 2008 verkoop. Prys die Here!

Mev L Bovey, Paterson

Die groot wonderwerk het plaasgevind! Ek het 'n week gelede gebed gevra dat ek nuwe groot kontrakte moet in kry om my uit my finansiële verknorsing te red. Vandag bel 'n ouditeur my en gaan my more een van sy groot kliënte gee wat 6 x franchises het. EK prys die Here, Hy is so getrou!

Mev M Joubert, Kaapstad

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

uit **Dr James** se kantoor

L.W. - Hernu u Nuusbrief asseblief!

Liewe familie in die Here!

Die tyd vlieg so vinnig hierdie dae, dit is weereens tyd vir julle om jul nuusbrief te hernu, as julle begeer om 'n gratis kopie elke maand te ontvang! Ons loof en dank die Here Jesus wat dit vir ons moontlik gemaak het om Sy Woord nou vir 30 jaar, regoor ons land en oor sy grense te versprei – al die eer aan Hom alleen! Te danke aan so baie van julle wat die literatuur bediening ondersteun, is daar honderde mense wat die nuusbrief ontvang, en daarvoor wil ons julle namens hulle bedank! Mag die Here julle ryklik seën soos Hy beloof het om te doen, met dieselfde maat waarmee julle in die ander se behoeftes voorsien het! Ons wil egter goeie rentmeesters van die Here se geld wees, dus vra ons van tyd tot tyd dat diegene van julle wat die nuusbrief nog steeds wil ontvang, asseblief die buitenste omslag (koevert), wat al julle inligting op het, aan ons terug sal stuur. Plaas dit asseblief in 'n koevert met 'n seël voordat julle dit pos aan Stanger Christelike Sentrum, Posbus 232, Ballito, 4420. Wanneer ons dit ontvang sal ons julle verseker op ons poslys hou. Die prosedure is as volg:

HIERDIE PROSEDURE IS UITERS BELANGRIK:

1. Dat ons jou PLAKKERTJIE van jou omslag van hierdie nuusbrief terug ontvang, want daarop is jou NAAM, ADRES, POSKODE EN REKENAARNOMMER presies soos dit op ons adreslys is.

2. Dat jy hierdie plakkertjie by ons sal terugbesorg voor 20 April anders gaan jy nie die Mei nuusbrief ontvang nie.

Ons vra ons vriende om ons asseblief te help bespaar deur spoedig jou plakkertjie terug te stuur sodat ons diè wat nie regtig belang stel nie, van die lys afneem. Ons maak weereens geheel-en-al staat op jou saamwerking, baie dankie. Ons wil ook baie, baie dankie sê vir al julle liefde en gebede. Baie van julle bid saam met ons, en ons dank ons Hemelse Vader vir julle ondersteuning.

Mag die Here julle baie ryklik seën
Baie liefde groete

Dr James

(Vervolg vanaf Bl 2 - Die Pasga ...)
God se liefde deurdat Hy Jesus Christus Sy enigste Seun gestuur het om vir ons gekruisig te word. Die volle betekenis en gevolgtrekkings is aan hulle verduidelik. Daarna is die beker, nadat die vader gedank het vir die gestorte Bloed van ons Here Jesus, aangestuur.

Die kinders het van die verbond met Jesus Christus hul Verlosser geweet en hulle het ook van die Beker – die Bloed van Jesus geweet, wat hierdie Nuwe Verbond moontlik gemaak het. **1Kor.11:25: Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in My Bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.**

Daar was geen verwarring omtrent die nagmaal nie, want op `n baie vroeë ouderdom reeds , is hierdie Bybelse waarhede, volgens God se bevele, aan hulle vertel. Hulle het geweet wat God se bevele was. Wanneer die kinders oud genoeg was om `n persoonlike verbintenis met die Here Jesus te maak en gered is (Jesus Christus as persoonlike Saligmaker te ontvang) die belangrikheid daarvan verstaan het, is hulle as gelowiges gedoop.

Dit verskil grootliks met vandag se toestand. Baie kinders word Sondagskool toe gestuur waar hulle die leerstellings van hul denominasies leer, terwyl baie van die ouers nooit kerk toe gaan nie. Hulle het ook nie gehoor van die noodsaaklikheid om `n persoonlike verhouding met Jesus Christus as Here te hê nie. Die ouers van die vroeë kerk het `n lewende verhouding met hul Hemelse Vader gehad, en kennis van Jesus Christus, waarop hulle in geloof gehandel het. Hulle het die bevele van Jesus in hulle huise uitgevoer en was lewende voorbeelde van hul geloof in Hom.

Hulle was getrou aan die bevele, aangaande die nagmaal, wat die Here in Sy Woord aan hulle gegee het. Daar was geen onbybelse, mens gemaakte rituele, soos bv. die doop van babas en voorstelling van jong volwassenes nie. Beide van hierdie "kerk" vereistes is onskriftuurlik. In die Bybel is babas ingeseën en volwassenes is gedoop deur onderdompeling in water, wanneer hulle tot bekering gekom het en in die Here Jesus Christus geglo het. In die denominasie waaraan ek behoort het, is ek verkeerdelik geleer, dat as ek nie in daardie kerk "gedoop" en "voorgestel" is nie, ek nie nagmaal kon gebruik nie. Dan kon ek ook nie daarin trou of daaruit begrawe word nie. Al betekenis wat die nagmaal vir my gehad het was dat ek nou `n kerklidmaat was en `n volwasse lid wat self kon besluit wanneer ek wou kerk toe gaan, en wanneer nie. Ek het net gehoor van die straf wat oor my sou kom as ek nagmaal op `n onwaardige manier sou gebruik; maar is nooit ingelig aangaande die voordele van die Heilige Nagmaal nie.

Ek glo dit is nog steeds van toepassing op die meeste jong mense uit tradisionele kerke waar aanneming nog geld. Ek het nooit van `n verhouding met Jesus Christus as my persoonlike Verlosser, gehoor nie. Wanneer ek aan hierdie dinge terug dink wil my hart breek, want dink net hoe hartseer dit my Hemelse Vader moes gemaak het. Dit is `n jammerte, maar tog is daar vandag nog duisende, pragtige opregte mense wat presies dieselfde pad loop as wat ek geloop het, maar prys die Here, daar is `n oplossing. Laat ons na die Bybel teruggaan as ons enigste gesag, die geïnspireerde Woord van God en Bloudruk vir ons lewens. Laat ons volgens die bevele en gebooie van Jesus handel. □ *(Lees "Nagmaal en Genesing" geskyf 1985)*

"Laat ons na die Bybel teruggaan as ons enigste gesag, die geïnspireerde Woord van God en Bloudruk vir ons lewens. Laat ons volgens die bevele en gebooie van Jesus handel."